



**Western Cape
Government**


Agriculture

TAALBELEID VIR DIE ELSENBURG LANDBOU- OPLEIDINGSINSTITUUT

Lêernaam	Taalbeleid vir die Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut (ELOI)
Oorspronklike Outeur (s)	ELOI Kollege-raad
Outeur (s) van huidige hersiene weergawe	
Datum van volgende hersiening	Jaarliks

Weergawe	Datum	Outeurs	Notas in verband met hersiening
0.1		ELOI Kollege-raad	Eerste voorlegging
0.2			
0.3			

Goedkeuring van Taalbeleid

Goedgekeur hierdie datum	:	26 SEPTEMBER 2016
Goedgekeur deur	:	HOOF VAN DEPARTEMENT: LANDBOU
Handtekening	:	

Lef wel: Die implementering van die Taalbeleid soos vervat in hierdie dokument is onderhewig aan die goedkeuring en handtekening van die gedelegeerde owerheid.

AFKORTINGS

LOI'e	Landbou-opleidingsinstitute
ELOI	Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut

INHOUDSOPGAWE

1. Aanhef	4
2. Doel	4
3. Omvang	4
4. Tersaaklike weigewing en beleide	4
5. Beginsels	4
6. Bepalings	6
7. Monitering en Evaluering	6
8. Beslegting van dispute	7
9. Afwykings	7
10. Hersiening	7

1. AANHEF

Die Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut van die Wes-Kaapse Departement van Landbou ("die Departement") fasiliteer en bied gestruktureerde landbou-opleiding aan studente in die landbou-sektor. Die Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut is verbind tot die onderrig en opleiding van alle studente in die landbou-industrie om sodoende 'n ingeligte, vooruitstrewende en mededingende sektor te vestig.

Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut ("die Instituut") is 'n veeltalige instelling wat die gebruik van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, naamlik Afrikaans, Engels en Xhosa, bevorder. Die instelling voldoen aan die grondwetlike beginsel waarvolgens studente, dosente en die publiek die reg het om hul taal van voorkeur binne die raamwerk van die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet (Wet 13 van 1998) en die Wes-Kaapse Taalbeleid van 2005 te gebruik.

2. DOEL

Die Taalbeleid verteenwoordig die oordrag van die beginsels soos uiteengesit in die Wes-Kaapse Taalbeleid (2005) en die aanpassing daarvan om te pas by die spesifieke omstandighede by die Instituut. Die doel van die beleid is om diversiteit en gelykheid te bevorder deur 'n benadering van veeltaligheid ter ondersteuning van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, naamlik Afrikaans, Engels en Xhosa.

Elke student moet in die taal van sy/haar keuse kan kommunikeer en mee gekommunikeer word, met inagneming van praktiese oorwegings (bv. die taalvermoë van die fasiliteerder of die beskikbaarheid van folk- en/of vertaaldienste). Hierdie aspek is baie belangrik, veral wat die hantering van gekompliseerde vak-spesifieke aangeleenthede betref.

3. OMVANG

Die Taalbeleid is van toepassing op alle studente wat by die Instituut geregistreer is vir tersiëre kwalifikasies en alle werknemers van die Instituut.

4. TERSAAKLIKE WETGEWING EN BELEIDE

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996)
- Die Grondwet van die Wes-Kaap (Wet 1 van 1998)

- Wes-Kaapse Provinsiale Talewet (Wet 13 van 1998)
- Die Taalbeleid van 2005 wat deur die Wes-Kaapse Regering as die amptelike Taalbeleid van die Wes-Kaap aanvaar is.

5. **BEGINSELS**

5.1 **Buigsaamheid, funksionaliteit en verdraagsaamheid**

Die Taalbeleid beklemtoon 'n verdraagsame, buigsame benadering tot taalaangeleenthede. Die klem val op praktiese uitvoerbaarheid. Waar nodig sal die funksionele menging, gelyktydige of afwisselende gebruik van tale toegelaat word (bv. die studente mag vrae in die taal van hul keuse vra). Hierdie benadering sal duidelik aan personeel gekommunikeer word en die klem sal op die dosente se bestuur van die klassituasie val.

5.2 **Die taal van onderrig, leer en assessering**

Die Instituut sal 'n geïntegreerde veeltalige benadering volg, met doeltreffendheid van kommunikasie wat voorrang bo taalvoorkeur geniet en taalintervensies soos tolk- en vertaaldienste wat beskikbaar gestel word, waar moontlik, om onderrig en leer te optimaliseer.

Dit is van toepassing op:

- Taal wat in lesings, tutoriale en praktika gebruik word;
- Taal wat gebruik word in die opstel en skryf van take, werkopdragte, toetse en eksamens (d.w.s. alle take, werkopdragte, toetse en eksamens sal in Afrikaans en Engels beskikbaar wees, en waar moontlik in Xhosa).

Bevordering van veeltaligheid en toegang tot akademiese en professionele diskoers:

- Studente sal gehelp word om hul akademiese geletterdheid in Afrikaans, Engels en Xhosa so veel as moontlik te ontwikkel. Die Instituut sal terminologie aktief ontwikkel en deur middel van vertaling verseker dat leermateriaal in Afrikaans, Engels en Xhosa beskikbaar is.
- Studente en personeel sal aangemoedig word om vaardigheid in Afrikaans, Engels en Xhosa deur middel van taalverwerwingskursusse te verbeter.

5.3 Onderrig van Studente

Studieaantekeninge sal in Afrikaans en Engels beskikbaar wees. Studente mag vrae in die taal van hul keuse vra en daarop aandring dat, waar moontlik, hul vrae getolk word sodat al die studente aan die besprekings kan deelneem.

Die volgende addisionele ondersteuning word tans bekom ten einde te verseker dat ons verbintenis tot inklusiewe en gehalteonderwys 'n langtermyn prioriteit bly:

- Tutoriaalklasse;
- Tolke in klasse, soos benodig;
- Tolktoerusting;
- Taaldiens om studiemateriaal te vertaal.

5.4 Assessering van Studente

In ooreenstemming met die veeltalige benadering, sal studente die opsie gegun word om toetse en werkopdragte in Afrikaans, Engels of Xhosa te beantwoord.

6. BEPALINGS

6.1 Die Praktiese implikasies vir die Instituut

- Verduidelikings en groepbespreking (tutoriale bystand) mag in enige gepaste taal, ter aanvulling van formele lesings, plaasvind
- Tutoriaalklasse moet plaasvind om studente te help.

6.2 Doelwitte en praktiese implikasies van die taal van bestuur en administratiewe interne kommunikasie:

Die hooftaal van interne kommunikasie vir akademiese en administratiewe doeleindes sal Afrikaans en Engels wees. Die Instituut sal geleidelik ook alle inligting in Xhosa beskikbaar stel.

Die doel van gesproke debatvoering en beraadslaging is om deur almal teenwoordig verstaan te word. Indien 'n spreker sou verkies om 'n taal van sy/haar keuse te praat wat nie deur almal verstaan word nie, moet tolkdienste, indien en waar die behoefte mag ontstaan en waar dit prakties moontlik is, gebruik word.

Die Instituut sal personeel beskikbaar stel om aandag te gee aan navrae in Afrikaans, Engels en Xhosa, veral tydens adviessessies en tydens registrasie en eksamens.

Reëlins moet getref word vir Suid-Afrikaanse Gebaretaalfolking, waar moontlik, indien die kennisgewing tydig (verkieslik ten minste vyf dae) gegee word.

Die Instituut sal alles in sy vermoë doen om op 'n permanente basis veeltaligheid, taaldiversiteit en wedersydse respek by die Instituut te bevorder.

Eksterne kommunikasie:

Eksterne kommunikasie moet in die taal van die kliënt se keuse geskied.

Naamborde:

Naamborde moet in Afrikaans, Engels en Xhosa wees.

Internasionale kommunikasie:

Internasionale kommunikasie sal in Engels geskied.

7. MONITERING EN EVALUERING

Monitering en evaluering van die implementering van die Taalbeleid sal deur die Bestuur van die Instituut gedoen word.

8. BESLEGTING VAN DISPUTE

Enige dispuut in verband met die Taalbeleid of die toepassing en implementering daarvan sal in ooreenstemming met die dispuutbeslegting- en griesprosedure van die Departement of van die Instituut bestuur word.

9. AFWYKINGS

Afwykings van die Taalbeleid sal by die betrokke gedelegeerde owerheid vir oorweging ingedien word.

10. HERSIENING

Die Taalbeleid sal elke drie jaar of wanneer nodig geag hersien word.

5 Mei 2016